

REISINDRUKKE

## „TWEË OREN OM TE HOREN...”

deur  
PETER BLUM  
Londen

### I.

VOORSPEL TOT „HOLLAND”: Misverstande tussen verwante tale. Professor van B. behandel Cicero se beroemde pleidooi „Pro Roscio Amerino” met sy eerstejaarsklas wat reeds ’n lae dunk van Rome in die algemeen het en van Cicero in die besonder. Sy sinne is so lank en ingewikkeld omdat hy hoop sy luisteraars sal nie agterkom hoe ’n slegte saak hy verdedig nie. ’n Ryk Romein wat grote somme aan sy neefs bemaak het word deur hulle „gelikwideer” - letterlik „in die vogtige element gedompel”, soos die Turke met hul ontroue harem-dames gemaak het, of die Franse revolusionêrs met hul prisoniers: „Les Inconnues du Bosphorus”. Die proffie vertaal van die bladsy: „Zijn twee neven hebben hem in een zak genaaid - en in de Tiber geworpen.” Die Afro-Dietse klas skater. Hul professor kyk streng af van die plafon, waar sy oë normaalweg ronddwaal, op sy klas en hy sê met die volle sarkasme wat in sy magie skuil: „Ik wist niet dat Cicero komedie schreef”. Die skater bedaar tot ’n giggel.

In Deens beteken „rolig” rustig, in Sweeds egter vermaaklik. Fröken Christensen (Deens) vertel die ou grap („met ’n baard so lank soos Magnus Kaalvoet s’n”) van die Sweed wat in Kopenhagen in ’n taxi klim en die drywer aansê om hom na die „roligste” plek in die stad te neem. Die Deen weet natuurlik wat die Sweed bedoel, maar hy hou nie van die Swede nie („hulle was neutraal, en hulle is styf en aanstellerig”) en bestuur sy klant na die hoofbegraafplaas toe - „die roligste wat ons het, meneer.” Ek lag beleefd en vra dan ernstig-sosiologies soos dit my geartheid is, „Maar watter taal gebruik julle teenoor lede van ander Skandinawiese nasies?” En sy, „Engels - natuurlik.” Ja, dit is seker die manier waarop ’n taal as „lingua franca” aanvaar word tot hy dreig om minder getalsterke tale te verdring, behalwe miskien vir huislike omgang. Eers raak die inwoners van geïsoleerde gebiede verlief op die eienaardighede van hul eie taalgebruik, daarna vorm hul state wat teen mekaar veg, en uiteindelik kry die state ’n „onderwysbeleid” wat die taaleienaardighede verskerp en propageer om „patriotisme” aan te kweek, en na ’n eeu of wat sit hul opgeskeep met soveel tale as wat daar onderwysdepartemente is, en... neem hul toevlug tot die lingua franca van die oomblik. „Engels - natuurlik.”

Waarby te bemerk is dat ook Engeland sy taalpartikularisme het, veral in Lincolnshire, wat deur die riviere Humber, Trent, Upper Witham, en Welland „afgesny” word van die land se torso. Sy inwoners is effens blonder as ander Engelse, lewe van graanbou of fabrikasie van

plaasmasjinerie, en het in 1534 onrealisties weerstand gebied teen die hervorming van Hendrik VIII. Sy strandoorde word veral besoek deur werkers in die Middellandse nywerheidsstede, maar ook weer nie heeltemaal sonder weerstand nie. Onder 'n brug, op die pilaar, staan in wit kryt te lees: „Sheffielders keep out! In plain English - you're not wanted." Geskryf deur 'n jong man wie se nooi verlei is deur 'n loonsware werker uit die staalstad? bes moontlik. Om tot verhaal te kom: in die dorpie Saxilby drink ek tee en wil sigarette koop. Die kafeetjie se keuse is nie wyd nie. Die eenaar bied my Players aan, maar ek sê in my beste „Southern Standard English" - „No, I want something else, please". Die man (wat London slegs besoek om sy plaaslike voethalspan toe te juig) parafraseer dit onmiddellik in sy eie taalnorm: „Ah, tha wants summat else, dost tha?" en bied my Woodbines aan.

HOLLANDSE GEAARDHEID: OPREG TOT ONBELEFDHEID. Ek en twee „Afro's" sit met 'n Hollander en gesels oor die aanneemlikheid (al dan nie) van Afrikaanse klanke vir die Hollandse oor, en van sy skryfwyse vir die oog. Ek sê: „'n Hollandse dame vertel my dat hulle in die hoër H.B.S. klasse ook 'n paar Afrikaanse rympies of verhale lees." Hy is 35 jaar ouer as die betrokke dame, en in sy jong dae was dit nie die geval nie. Maar watter woorde kies hy toe om sy ongelooft uit te druk? So wrintie: „Wot rubbies!" Dit was feitlik die einde van die gesprek, aangesien sy drie gaste aan Afro-Angelsaksiese norme gewoon was.

O die Dietse volksstam! hy het tog so 'n fatale vermoë om gesprekke af te sluit! Selfs in die hofliker Vlaandere kom jy dit agter. Ek sit in Antwerpen se laaste „music-hall", drink bier, en verveel my oor die toneelaanbieding. In die pouse probeer ek om 'n geselsie aan te knoop met 'n middeljarige egpaar oorkant my aan die lang tafel. Teen hierdie tyd het ek geweet dat sterk drank nie in Belgiese kafees bedien mag word nie; dit is glo sosiale beleid om geheime dronkenskap aan te moedig. Ek spreek die egpaar („het koppel" in Suid-Nederlands, wat vir my anglisisties klink en dit waarskynlik nie is nie) driftig aan, en eindig met 'n wonderlik hoogdrawend-misnoegde sin: „Naarstig zocht ik jenever - en vond hem niet!"

Die meer spraaksame dame beduie my toe dat dit teen die wet is. Ha! dog ek by myselwers. Hier is my kans om 'n politieke mening te hoor! Ek draai na die manlike helfte van 't koppel toe, en vra uitdagend, „En wie maakt zulke wetten?" Die goedige dik man bepeins

die saak deeglik en antwoord toe (volstrek geloofwaardig): „lk... niet!“. Ek moes maar my toevlug tot 'n koerant neem.

**STRIKELBLOKKE BY DIE LEER VAN NEDERLANDS:** Eksamen in Fonetiek (Mondelings), „Your attention please, gentlemen! Attention, Messieurs! Wenn ich bitten darf, meine Herrschaften! Spreek die volgende sinnen uit, sonder gebruik van meganiese hulpmiddele:

- 1) „Zij hebben zich gevestigd te Oegstgeest.“
- 2) „Eeuwenoude uien deden mijn ogen tranen.“
- 3) „Zeer verdacht lijkt mij de Burchtgracht.“

Asseblief tog! Nie almal tegelyk nie!“

**AAN WAL STAP, HOEK VAN HOLLAND; HOOFSTASIE ROTTERDAM.** Sement, witkalk, kille metaal. Fris mans, raamlose brille, volkome uitdrukkingslose gesigte. Ek moet my koffertjie oopmaak: wat soek hul tog? Soldate in groot troppe. Fris, uitdrukkingsloos, „British battle dress“, versier met snaakse veertjies op die pet en vreemde rangtekens. Geen ander land in Wes-Europa lyk so grimmig-krygslustig nie: Chroesjtjof word (deur my) dringend afgeraai om hier besoek af te lê - van „de heer Oe Thant“ nie te praat nie. Ek lees in 'n apokriewe koerant van die nuwe Hollandse manier om selfmoord te pleeg: stap by die kantore van Elseviers Weekblad in en skree „Viva Soekarno!“ Die meerderheid van die soldate is op pad na Lüneburg waar die Nederlandse leër glo 'n groot basis het. Nederland kon nie die Duitsers uit die land hou nie; Duitsland kon nie die Russe afweer nie; maar Nederland sal Wes-Duitsland teen die Russiese stoomroller verdedig, mits dié weswaarts rol. En hoekom nie? katjies van 'n paar weke oud krom hul rug en wys hul tandjies as hul 'n hond sien. „Niet hoe groot maar hoe stout!“ is die parool.

**VOORSPEL TOT „VLAANDERE“:** Die Vlaamse Toneel speel in die Kleintheater te Kaapstad. Die eerste stuk is „De kroonde leerse“ van Michiel de Swaen. Dit is myns insiens 'n swak verwerking van Thomas Dekker (van Dietsse herkoms?) se „Shoemaker's Holiday“ - klugtiger, minder „sosiologies“, meer „patrioties“: Keiser Karel V word by die hare ingesleep. Nugter weet hoekom hy vir Nederland 'n volksheld is: wat het hy ooit vir de land gedoen, behalwe om te sorg dat dit 'n deel van die Spaanse Ryk word? Maar die weë van die patriotisme is „weird and wonderful“, en maak van hierdie veragter van sy moedertaal 'n held. „Spaans is die taal om God mee aan te spreek“, as ek hom reg onthou, „Frans vir hoë lui, Engels vir die voëltjies, Diets vir bediendes.“ Wat my wel boei is die spel: Tine Balder vat haar kapoen aan sy omgedraaide nek en voer 'n soort dans met hom uit - Leda en die swaan, arabeskes in die lug - in een woord: „flamenco“. Swierig, buitensporig, maar kunssinnig - vlaminke en Vlaminge - moeilik te skei. Vergelyk hiermee was die universiteitsjeug se Dekker sommer 'n reeks bokspronge; maar hier openbaar hom ook die fatale neiging van beide Nederlande om terug te val op ander kunste, ander uitdrukkingsmiddele, as hul taal.

**ONTMOETING MET 'N „VLAAMO-BRIT“:** Omdat Vlaandere en Engeland so lank ekonomies afhanlik van mekaar was (Engeland het immers die wol vir leper en ander stede se weefstoele gelewer) was daar nog altyd ondertrouery tussen hul boorlinge. Die Vlamo-Britte is dus 'n indrukwekkende reeks: John of Gaunt (alias Jan van Gent) uit Shakespeare se „Richard II“, James Ensor, John Cockerill, Bessemer van die moderne staalmakery, Frank Brangwyn, en „Uncle Alfred“. En van regsweë moet 'n mens ook „Sir Anthony Vandyke“ en „Sir Peter Paul Rubens“ insluit, want soos minstens een Brit vir my beduie het: „Vandyke? Sir Anthony? Of course he's English! what else would he be - with a name like that?“

Hoe dit ook sy: „Uncle Alfred“, gebore 1897 in Londen, wat seker eenmaal per week sy Here dank dat hy 'n egte Brit is, het my eenkeer in 'n swak oomblik vertrou dat sy moeder 'n gebore Gentse dame was. Daarna het ek al hoe meer onbritshede in hom ontdek. „Flemish“ het hy natuurlik nooit 'n woord van geleer nie: die „dames“ van Gent (anders as die vrouens, meisies, en wywe) was in daardie dae natuurlik erg Frans.

Sy eerste onbritsheid is dat hy sedert 1913 die vasteland nie besoek het nie, hoewel hy omtrent alle Suid-Engelse strandoorde platgereis het, selfs in Cornwall, wat oneindig verder is as ons naaste drie vastelandse bure; 100 %-Britte is, in teëstelling, groot reisigers, en vertoon dikwels meer geesdrif vir Montenegro, Sarawak, of Afghanistan as vir hul eie rustige

eiland. Dit mag hier genoem word dat jy in Londen byna enige kaart van 'n vreemde land kan koop (ook die volle reeks van De Rouck), wat in Brussel of Antwerpen blykbaar nie die geval is nie. (Ek laat my verseker dat 'n kaart van Kamtsjatka makliker in Londen gekoop kan word as in Moskou: volgens 'n vriend wat onlangs daar was het die winkelklerk, agterdogtig soos alle Russe sedert Alexander Nevsky, gevra, „En waarvoor wil u nou eintlik 'n kaart van Kamtsjatka hê? ten eerste het ons geen vuurpylbasisse daar nie, en ten tweede sal ons hulle tog nie wys op 'n kaart wat deur enige vreemdeling in Moskou gekoop kan word nie!”)

Toe ek vir „Uncle Alfred” vertel dat ek verlede jaar in Antwerpe was en hierdie jaar my vrou na Brugge wil neem, sê hy: „Julle behoort eintlik Gent te besoek - dit het minstens so veel kunsskatte as Brugge, en baie meer van die geriewe van 'n groot stad as die klein Brugge.” Ek het sy woord aanvaar en gemaak asof ek my planne gaan verander. Uit my reisgidse (wat ek uiters sorgvuldig lees om teleurstellings te vermy) weet ek dat dit eenvoudig nie die geval is nie, maar toe ek by die huis daaroor nadink, glimlag ek by myself oor „Uncle” se bewering - omdat hy daarmee twee eienskappe openbaar wat uiters Vlaams (ek skryf „onder korreksie”) en totaal onbriets is: (A) die trots op kultuurskatte, en (B) die lokaal-patriotisme wat meer roem op 'n stad of 'n streek - desnoods 'n enkele verlore gemeentetjie - as op 'n land of staat. Siet u: 'n onvermengde Brit sal geredelik toegee dat „ons nie 'n artistieke volk is nie” (en verswyg dat dit „ons eintlike talent is om ander nasies te regeer en vir hulle die regte weg te wys” of „om onself te regeer met groter billikheid en ordentlikheid as die ander wat heilloos knoei met diktature en ideologieë”); hy sal ook nooit beweer dat Liverpool enige voordeel bo Manchester besit nie, of dat die mense in Toller Porcorum (Graafskap Dorset) eerliker is as in Tooting Bec (Groot-Londen), al kom hy ook uit eersgenoemdes in plaas van laasgenoemdes. Die rede is natuurlik die absolute voorrang van Londen as hoofstad van die Koninkryk sedert 1000 n.C. Die aantal Belge egter, Diets of Waals, wat trots is op hul Brusselaarskap is, volgens my demoskopiese ondersoek, sterk in die minderheid.

Liewe „Uncle Alfred”! hy is 'n goeie 10 cm. korter as ek (en ek is nie 'n belfort nie), hy het 'n boepensie en donkerbruin oë onder dik wenkbroue, en ek wil hom altyd aanspreek as „Oom Gaston”, behalwe dat ek vrees hy sal dit my verkwalik, „En Gaston, die zit in De Ton” soos enige Ostayoloog weet: ek ontmoet my „Uncle” in die „Coach and Horses” en vertel hom van hierdie bladsye wat ek vir u, liewe lesers, klaarmaak: ons sit oor twee kanne bier, van die soort wat hier te lande „Mild” genoem word, en by u „Trappist” - „een spraaksaam brouwsel van zwijgende paters”.

Hy herinner hom aan wat sy moeder, die nie-Vlaamse Gentse, vir hom van die lewe daar vertel het. „In daardie dae,” sê hy, „Sou jy dit nie gewaag het om in die openbaar Frans te praat nie - dit was toe jou „Volksstraat” nog Rue du Peuple geheet het... Ja, daar was oral flamingante wat jou gesig geklap het as jy dit gedoen het: very nasty they were... Party van hulle het lekker saamgewerk met die Duitsers tydens die besetting van die Eerste Oorlog - selfs 'n paar professore van die Gentse Universiteit wat om die dood slegs in Vlaams wou klas gee... die Duitsers het hul natuurlik alles en enigiets belowe...” hy leun oor na my toe terwyl sy bruin ogies vonkel: „Na die oorlog moes hul geskiet word, ha-ha!” en hy lek sy lippe - miskien net om die bier se skuim te verwyder.

„Mm-ja, vergewensgesindheid,” antwoord ek stadig en verbaas, „In Europa kwyn dit hoe verder 'n mens suid- of ooswaarts reis, en bereik sy nulpunt glo in Turkye... of Cyprus... of Albanië.”

„Of vergewensgezindheid 'n deug of 'n ondeug is, ” benadruk hy met sy kloppende wysvingerpunt op die tafelblad, „Hang daarvan af wat vergewe word... en miskien ook wie... Het ek gelyk?”

En, „Kan ek dié slag vir ons bestel?” vra ek met 'n glimlag, want die sterkte van sy gevoel hieroor is natuurlik ook onbriets. „Uncle Alfred” sê dankie-ja, en ek stap na die skinkbank.

„Noch twee Trappisten, astublieft,” beveel ek die kroegman. Hy kyk my aan asof ek gek is, en sy papegaai fluit.

(word vervolg)